27.2 RAPPORT 2: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – KERKPLANTING (Art 188)

27.2 REPORT 2: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTERY – CHURCH PLANTING (Art 188)

A. Dr G van Wyk stel die Rapport.
Dr G van Wyk tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Mandaat en opdrag Volgens Rapport Ad hoc Kommissie 2 – Acta 2018:1098-1099, 3.1-3.4:	**1. Mandate and Instructions** According to Report Ad hoc Commission 2 – Acta 2018:1098-1099, 3.1-3.4:
1.1 Dat die opdrag van kerkplanting tuishoort by die Deputate Kerkgroei.	1.1 The task of church planting should fall under the Deputies Church Growth.
1.2 Dat die Deputate, in terme van die bevordering en aanmoediging van kerkplanting, die behoeftes soos uiteengesit in 2.5, te same met verdere behoeftes wat na vore mag kom, sal oorweeg, prioritiseer en werk daarvan sal maak om die belangrikste van hierdie behoeftes aan te spreek.	1.2 The Deputies must, in terms of promoting and encouraging church planting, consider, prioritise and attend to the needs (as set out in 2.5), together with any further needs that may arise, to address the most important of these needs.
Behoeftes soos in 2.5 van Deputate Kerkgroeibediening – Kerkplanting Rapport 9, Acta 2018	*Needs as in 2.5 of Deputies Church Growth – Church Planting Report 9, Acta 2018*
Die volgende behoeftes, onder andere, is genoem:	The following needs are *inter alia* mentioned:
(1) Groter bewustheid oor die belangrikheid van kerkplanting binne die kerkverband is nodig.	(1) Greater awareness over the importance of church planting within the denomination is needed.
(2) Meer navorsing oor gereformeerde kerkplanting in die huidige Suid-Afrikaanse konteks moet gedoen word en kerke moet ook die nodige hulpbronne ontvang in hierdie verband.	(2) Further research on Reformed church planting in the present South African context must be conducted and church must also receive the relevant resources in this regard.
(3) Gereelde kerkplantingskonferensies is nodig vir wederkerige aan- moediging en toerusting.	(3) Regular church planting conferences are needed for mutual encouragement and equipping.
(4) Besinning en leiding is nodig in terme van die toepassing van die Kerkorde in kerkplanting, in oorleg met die professor vir kerkregering.	(4) Review and guidance are required for the application of the church order as it pertains to church planting, in consultation with the professor for church governance.
(5) Bedieningskandidate spesifiek vir kerkplanting moet geïdentifiseer, aangemoedig en toegerus word.	(5) Ministry candidates must be identified, encouraged and equipped specifically for church planting.
(6) ‘n Gereformeerde kerkplantings-handleiding wat die Suid-Afrikaanse konteks in berekening bring, moet ontwikkel word.	(6) A Reformed church planting manual that takes the South Africans context into account must be developed.

(7) Die skep van ‘n sentrale kerkplantingsfonds moet oorweeg word.	(7) Creating a central church planting fund must be considered.
1.3 Dat die Deputate, in terme van die bevordering en aanmoediging van kerkplanting, met Expando (ons bedieningsondersteuning- en toerustingsdiens vir die stimulering van kerkgroei) asook ander relevante Deputategroepe sal saamwerk.	1.3 The Deputies are to collaborate with Expando (our ministry support and equipping service for stimulating church growth) as well as other relevant Deputy groups for the promotion and encouragement of church planting.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 *Uitvoering van die opdrag* Die Deputate Kerkgroei kon in die lig van hulle werkslading, een deputaat afsonder vir hierdie opdrag. Ons is dankbaar dat daar wel in hierdie termyn, met al die uitdagings, kerkplantkonferensies gehou kon word. Kurrikulumontwikkeling is onder leiding van prof IW Ferreira gedoen met die oog op nagraadse kwalifikasies op die terrein van kerkplanting. Gemeentes wat kerkplanting oorweeg kon by wyse van gesprek inligting bekom en aangemoedig word. Informele aanlyn gesprekke is onder lyding van prof G Breed (Expando) gevoer met die doel om kerkplanters aan te moedig asook om saam te dink en te beplan oor die aanspreek van die behoeftes soos hierbo uiteengesit. Ons is baie opgewonde oor die ondersteuning wat Expando onder leiding van prof Breed ook in die toekoms vir hierdie saak bied.	2.1 *Fulfilment of task* The Deputies Church Growth could, in light of their workload, assign one Deputy to this task. We are thankful that despite the challenges, church planting conferences could be held. Curriculum development was led by prof IW Ferreira with the aim of presenting post-graduate qualifications in the field of church planting. Congregations considering church planting could obtain information and be encouraged through discussion. Informal online discussions were led by prof G Breed (Expando) to encourage church planters as well as to work out and plan how to address the needs set out above. We are very excited over the support that Expando, led by prof Breed, will also offer in future.
2.2 *Maniere waarop kerkplanting van die uitdagings in die GKSA kan aanspreek* Vir gemeentes wat as gevolg van veranderende demografie krimp, bied kerkplanting die geleentheid om te sorg dat die Gereformeerde getuienis in die omgewing nie verlore gaan nie. Eerder as dat gemeentes gewoon ontbind en sterf, kan die kerkgeboue, finansiële hulpbronne, te same met institusionele kennis en vaardighede wat nog beskikbaar is, aangewend word om aan ‘n nuwe gemeente geboorte te gee, wat in staat is om die nuwe demografie te bereik. Die identifisering van sulke kerkplantgeleenthede en die bymekaar maak van die nodige hulpbronne vir ‘n moontlike kerkplant kan ook deur samewerkende gemeentes of deur ‘n Klassis gedoen word.	2.2 *Ways church planting can address the challenges in the GKSA* Church planting offers churches that are shrinking due to a changing demographic the opportunity to ensure that Reformed testimony is not lost in their community. Instead of churches simply disbanding and dying, the church buildings, financial resources, together with institutional knowledge and skills still available, can be applied to give birth to a new church able to reach the new demographic. Identifying such church planting opportunities and acquiring the necessary resources for a possible church plant can be done by collaborating churches or by a Classis.

	Kerkplanting kan verder ook bedieningsgeleenthede skep vir beroepafwagtende proponente met die nodige gawes. Ons is bewus van die feit dat daar binne die volgende jare ‘n groter hoeveelheid studente afstudeer as waarvoor daar formele beroepe is. Huidige afgestudeerde studente wag ook vir lang tydperke om beroepe te kry. Om hierdie studente bloodstelling te gee aan kerkplanting en ook saam met hulle geleenthede te identifiseer kan hierdie probleem aanspreek. ‘n Suksesvolle voorbeeld hiervan is die Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati in Namibië onder leiding van ds R Steyn. Die kerk word geplant vanuit GK Tsumeb met finansiële ondersteuning vanuit die res van die Klassis. Die hoop is dat hulle reeds teen die tyd van die Sinode in Januarie 2023 oorgegaan het tot kerkstigting.		Church planting can furthermore create ministry opportunities for probationers with the necessary skills awaiting the calling to a congregation. We are aware thereof that in the next couple of years the number of graduates will exceed the number of formal calling positions. Current graduates are already wait some time to receive callings. Exposing these students to church planting and also identifying opportunities with them could address this problem. A good example of this is the Reformed Community Church Oshakati in Namibia, led by Rev. R Steyn. The church was planted from GK Tsumeb, with financial support from the rest of the Classis. The hope is that they will have founded this new church by the time of the Synod in January 2023.
2.3	*Grootste uitdagings met betrekking tot kerkplanting in die GKSA* In gesprekke met kerkplanters in die GKSA het die volgende uitdagings aan die lig gekom. ***Finansiële hulpbronne*** bly van die grootste uitdagings. Die fondse om ‘n projek te begin is baie keer moeilik om bymekaar te maak. Daarbenewens vat dit dikwels lank vir ‘n nuut gestigte gemeente om op ‘n plek te kom waar dit finansieel selfonderhoudend is. In sekere gebiede is dit so te sê onmoontlik en bly die gemeente afhanklik van eksterne ondersteuning of die tentmaker status van die kerkplanter. Die stig van ‘n GKSA fonds vir kerkplanting bly iets om voor oë te hou om van die uitdagings aan te spreek. Hulp om moontlike tentmaker geleenthede te identifiseer en studente daarvan bewus te maak en daarvoor toe te rus kan ook van groot waarde wees. ***Deurlopende ondersteuning*** is verder ‘n belangrike behoefte onder kerkplanters. Alhoewel finansiële hulp van groot waarde is, is aanmoediging en hulp wat betref die oordra van bestuurskennis en vaardighede, van groot waarde. Moedergemeentes wat aanhou ondersteuning bied i.t.v. sake soos die toerusting van ampte, gesamentlike jeugaksies en huweliksverreikingskursusse is baie belangrik. Dit kan ook van groot waarde wees vir Klassisvergaderings om in meer detail kennis te neem van kerkplantprojekte en vanuit die Klassis	2.3	*Greatest challenges of church planting in the GKSA* Discussions with church planters in the GKSA reflected the following challenges. ***Financial resources*** remain one of the main challenges. The funds to start a project is often difficult to raise. It also often takes a long time for a newly founded church to reach a point where it is financially independent. In certain areas it is virtually impossible and the church remains dependent on external support or the tentmaker status of the church planter. Creating a GKSA fund for church planting remains something to be considered to address some of the challenges. Help in identifying possible tentmaker opportunities and making students aware as well as equipping them could be of great value. ***Continuous support*** is furthermore an important need among church planters. Although financial aid is of great value, so are encouragement and contributing management knowledge and skills. Mother churches that offer continuous support in terms of the equipping of offices, joint youth activities and marriage enrichment courses is hugely important. It could also be of great value to inform Classis assemblies about church planting projects for their support.

ondersteuning te bied. ***Kontekstualisering*** bly 'n begrip wat opkom in gesprekke met kerkplanters. Hoe bly jy binne die raamwerk van ons ooreenkoms met mekaar soos vervat in ons kerkorde, terwyl jy 'n nuwe groep mense probeer bereik en begelei tot 'n Gereformeerde getuienis? Rondom die ***teologiese opleiding*** het daar baie ontwikkeling gekom op die gebied van kerkplanting waaroor ons dankbaar moet wees. Kerkplanters vra egter vir meer ondersteuning van die kant van teologiese opleiding in terme van toerusting vir die plaaslike uitdagings binne 'n Suid-Afrikaanse konteks. Hier volg 'n lys van projekte waarvan die Deputate bewus was met die samestelling van hierdie Rapport.	***Contextualisation*** remains a topic that comes up in discussions with church planters. How do we stay within the framework of our church order, while trying to reach a new group of people and lead them to the Reformed doctrine? There has been much development in ***theological training*** as it pertains to church planting for which we are truly thankful. Church planters do however request greater support when it comes to theological training in terms of equipping to address the local challenges of the South African context. The following is a list of projects of which the Deputies were aware at the writing of this Report.

Kerkplant **Church plant**	**Moedergemeente** **Ondersteunende gemeentes** **Mother church** **Supporting churches**	**Plek** **Place**	**Predikant** **Minister**	**Kontakbesonderhede** **Contact Information**
Rainbow Christian Fellowship	New Life City Church	Pretoria East	Ds/Rev. M Mdonga	www.rainbowchristianfellowship.org.za
Alethea Ministry	GK Centurion	Centurion	Ds/Rev. M van Helden	www.facebook.com/aletheaministry
Multi-Cultural Ministry	GK Kemptonpark-Mooifontein	Kempton Park	Ds/Rev. BC Zulu	benzu83@gmail.com
New Life Church Plant	GK Vereeniging	Vereeniging	Ds/Rev F. Sebina	
Cross Culture Church	GK Randburg	Northwold Randburg	Ds/Rev. TF Dreyer	www.c-cubed.org.za thomas@c-cubed.org.za
Ramotse Reformed Church	GK Rietvallei Wonderboompoort Warmbad Nylstroom Waterberg Naboomspruit	Carousel View, Maubane, Belabela and Modimolle	Ds/Rev. O Nkoana	nkoana@gmail.com
Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati	GK Tsumeb met die ondersteuning van Klassis Namibië with support from the Namibia Classis	Plant in Oshakati, Namibia	Ds/Rev. R Steyn	Steyn.ruan1@gmail.com www.gemeenskapskerkoshakati.com

Ons is dankbaar dat die volgende kerkplante sedert die laaste Sinode, selfstandige gemeentes geword het binne die GKSA:	We are thankful that the following church plants have become independent churches in the GKSA since the last Synod:

Reformed Church Tshwane vanuit GK Rietvallei – Ds JC Potgieter Grace Reformed Church vanuit GK Pretoria-Annlin – Dr B de Vries Die Reformed Church Southern Suburbs het ook 'n selfstandige gemeente geword vanuit GK Bellville onder leiding van dr SN Jooste. Ons is hartseer om egter te rapporteer dat hierdie gemeente, vanweë verskeie faktore, onlangs bande met die GKSA opgesê het. Na gesprekke binne Kerkgroeideputate, sowel as gesprekke met die Sendingdeputate, is ons van mening dat die hele saak van kerkplanting beter gedien word deur sy eie deputaatskap wat nou saam werk met die Kerkgroei- en Sendingdeputate.	Reformed Church Tshwane from GK Rietvallei – Rev. JC Potgieter Grace Reformed Church from GK Pretoria-Annlin – Dr B de Vries The Reformed Church Southern Suburbs has also become independent from the GK Bellville, led by dr SN Jooste. We regret to report, however, that this church has, for a variety of reasons, recently given up ties with the GKSA. Upon discussion, also with the Deputies Mission, we are of the view that the matter of church planting is better served by a separate Deputy group that closely collaborates with the Deputies for Church Growth and Deputies Mission.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Dat die Deputate, in terme van die bevordering en aanmoediging van kerkplanting, die behoeftes soos uiteengesit in 1.2, 2.3, 2.4 van die Rapport, te same met verdere behoeftes wat na vore mag kom, sal oorweeg, prioritiseer en werk daarvan sal maak om die belangrikste van hierdie behoeftes aan te spreek.	3.1 The Deputies must, in terms of promoting and encouraging church planting, consider, prioritise and attend to the needs (as set out in 1.2, 2.3 and 2.4 of the Report), together with any further needs that may arise, to address the most important of these needs.
3.2 Dat die Sinode in die lig van die werkslas Deputate aanwys om spesifiek op die bevordering en ondersteuning van kerkplanting in die GKSA te fokus.	3.2 The Synod is to appoint, in light of the workload, Deputies to specifically focus on the promotion and support of church planting in the GKSA.
3.3 Dat die Deputate, in terme van die bevordering en aanmoediging van kerkplanting, met Expando (ons bedieningsondersteuning- en toerustingsdiens vir die stimulering van kerkgroei) asook ander relevante Deputategroepe sal saamwerk.	3.3 The Deputies are to collaborate with Expando (our ministry support and equipping service for stimulating church growth) as well as other relevant Deputy groups for the promotion and encouragement of church planting.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 to 3.3 approved.**